# Hand 4:23-35 WANNEER DIE HEILIGE GEES MENSE VERVUL

*"Die genade van God was groot oor hulle almal."* (:33) Ja, 'n mens kon dit duidelik agterkom uit hulle optrede! Dis trouens al hoedat 'n mens dit wat daar gebeur het, kan verklaar. God het uit genade sy Seun en die Heilige Gees aan hulle gegee. Volgens vers 31 *"is almal met die Gees vervul"* en dit het 'n merkbare verskil in hulle lewens gemaak. Ek wys u graag net op **drie gevolge** waarvan in die volgende paar verse melding gemaak word:

1. GROEI DIE EENHEID ONDER GELOWIGES

**Wie was hulle?** Lukas verwys net na hulle as *"Die groot getal wat gelowig geword het…"* Twee hoofstukke vantevore kan ons lees hoedat daar op **Pinksterdag** toe die Heilige Gees uitgestort is, drie duisend mense onder Petrus se prediking tot bekering gekom het (2:41). Daarna het die Here nog *"elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg."* (2:47) Vyfduisend! (4:4)
Onder hierdie groot getal nuwe christene was daar **'n baie groot verskeidenheid.** Gaan kyk maar net weer na wat in 2:9-11 staan – wie almal op Pinksterdag Petrus se preek gehoor het: *(lees).*
Die **eerste groot wonderwerk** was dat baie van hierdie mense tot bekering gekom het. Dit was al die *eerste* groot bewys van God se **genade** en die **werking van die Heilige Gees**. Elke bekering is die werk van die Heilige Gees en net genade. Dis nie 'n verdienste of prestasie of goeie werk van die persoon se kant nie – dis 'n geskenk van God. Soos jou en my bekering, was al hierdie mense se bekering ook genade.
Maar wat ons **verder** van hulle lees, is **nog 'n wonderwerk**: Hier staan dat hierdie groot verskeidenheid mense met al hulle diversiteit, *"een van hart en siel"* was! Ten spyte van al hulle verskille, was hulle 'n hegte eenheid.
**Wat het dan nou van die verskille geword**: die verskille in taal en kultuur en persoonlikhede en temperament en ouderdom en beroepe?
Dit was nog daar, maar dit was nou nie meer *verdelend* nie. Dit was eerder aanvullend. Nie hulle verskille was nou **die belangrikste** nie, maar hulle gemeenskaplike. Die belangrikste was nie wat hulle *ver-deel* het nie, maar ge-deel het.
**En wat was dit?** Jesus Christus – en hul passie vir Hom! Hulle was met bande van **bloed** aan mekaar verbind – die bloed van Jesus. Deur Hom het hulle een familie, mekaar se broers en susters geword.
**Dit geld natuurlik vir ons ook**. Daarom dat ons mekaar as "broer" en "suster" kan aanspreek. Ons **hoef nie** almal eenders en eendersdenkend te wees nie. Ons hoef nie almal Woensdag vir dieselfde politieke party te stem nie. *"Een van hart en siel"* hoef nie eenders te beteken of dat almal nou oor alles sal saamstem nie.
Maar omdat ons **dieselfde Drie-enige God** dien, daarom dieselfde *visie* het, daarom dieselfde *waardes* nastreef, daarom kan ons ons verskille **positief** aanwend om mekaar aan te vul. So kan verskillende opinies oor 'n saak op die ou end tot 'n beter besluit lei as wanneer daar net een mening was.
**Hierdie eenheid onder christene is van groot belang**. In Psalm 133 staan: *"Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eengesind saam woon!"* Dit laat God "glimlag"! Jesus bid in Johannes 17 in die sogenaamde **Hoëpriesterlike gebed** herhaaldelik vir eenheid in die kerk, onder andere in vers 21: *"Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees sodat die wêreld kan glo dat U my gestuur het."*

**Satan** wil verdeel en heers. Daarom word hierdie eenheid voortdurend *bedreig*. As ons die volgende hoofstuk lees, dan sien ons hoedat Ananias en Saffira in sy strik getrap het. Oppas byvoorbeeld vir oneerlikheid, selfsug,  hoogmoed (rassisme), jaloesie, skinder, eiesinnigheid en beterweterigheid. Dit is verdelend. Daarmee speel ons in die vyand se hande.
Solank ons die **Here Jesus eerste stel**, sal daar eenheid wees. Dit is wat moet gebeur in die verhouding tussen die verskillende kerke, in gemeentes, onder lidmate, op kerkrade, in gesinne en in huwelike: Ons moet onthou dit gaan om Jesus en Sy saak. Die Heilige Gees wat op Pinksterdag uitgestort is, het juis met **hierdie doel** gekom, naamlik om Jesus te verheerlik (Joh 16:14). Hy is aan ons gegee sodat ons die **klem** reg sal laat val. So bevry Hy ons van kleinlikheid en kleinserigheid en smee Hy ons as ‘n span saam, maak Hy gelowiges *"een van hart en siel"*.

2. RAAK HULLE MEER MEDEDEELSAAM
Maar dis **nie al** waar ons God se genade sien en waar die hand van die Heilige Gees merkbaar was nie. Hulle was nie net een van hart en siel nie, maar ook **een van "hand",** of een van "beursie" as jy wil. *"Hulle het alles met mekaar gedeel."* Dit is genade, dit is ‘n wonderwerk wanneer dit gebeur! Mense is mos maar **vas** aan hulle goedjies. *"Ek het mos hard gewerk daarvoor." " Ek spaar mos al lankal vir die of daardie." "Dit is ons enigste sekuriteit vir die toekoms."* Liefde is ‘n **vrug van die Gees**.  En ons sien dit hier in aksie.
Sommer reg **van die begin** af het die Heilige Gees die mens wat tot geloof gekom het, van die mag wat hul besittings oor hulle gehad het, bevry. Ons lees al in Handelinge 2:44: "*Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel."*
Skielik het hulle besef dat wat hulle het, is **net geleen**. Hulle is maar net die *bestuurders* ("rentmeesters") van wat eintlik God se eiendom is. Wat hulle ontvang het, al het hulle daarvoor gewerk, was *genade* en was nie *net* vir hulle bedoel nie. Hulle het met *ander oë* na die nood en behoeftes rondom hulle gekyk. Waar hulle vantevore miskien hard en veroordelend was, was hulle *harte* nou vol liefde en omgee.
Die Heilige Gees kom **bevry** ons van krampagtig vas te hou aan geld en goed asof DIT aan ons *status en sekuriteit* moet gee, asof DIT die maatstaf is van *sukses* en asof DIT ons *geluk* moet waarborg. Dit is alles dinge wat ons saam met Christus ontvang het. HY sorg vir ons status, sekuriteit, geluk en sukses.
Wie vir die Here kies, word **bevry** van die wrede, genadelose diens aan Mammon. Nou kan jy jou besittings begin geniet, want dit besit nie meer vir jou nie. Jy ontdek nou die waarheid daarvan dat dit ‘n mens gelukkiger maak om te gee as om te ontvang.
Daarom glo ek dat die gemeenskap waarvan ons hier lees, ‘n baie **gelukkige gemeenskap** was – die gewers sowel as die ontvangers.

3. GETUIG HULLE AL MEER VRYMOEDIG
Voor sy hemelvaart het Jesus sy dissipels beloof: *"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."* (Hand 1:8)

Ons sien dus duidelik die hand van die Heilige Gees in die manier waarop die apostels volgens vers 31 en 33 getuig het. Laat ons nie vergeet nie dat hulle **kort vantevore** voor die Joodse Raad wat vir Jesus kruis toe gestuur het, verskyn het en dat dié hulle

verbied het om verder oor Jesus te preek (4:18). En hier doen hulle dit al weer! *"Die apostels het kragdadig getuig dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het…"* God het hulle die genade gegee en die Heilige Gees het hulle bevry van **mensevrees**. Hulle het geweet waar die **klem** moes val - op gehoorsaamheid aan God liewer as aan mense (4:19).

**Let op waaroor hulle getuig het** – die opstanding van Christus. Dit was op daardie tydstip 'n baie omstrede saak (4:2). Dit is 'n saak waaroor daar tot vandag toe geredekawel word: Het Christus regtig opgestaan?

Die apostels het daar nie die minste **twyfel** oor gehad nie. Ja, Thomas het aanvanklik ook getwyfel, maar selfs HY is oortuig. Ons sien hier hoedat hulle bereid was om hul lewe daarvoor op die spel te plaas. Hulle het op die ou end almal 'n marteldood gesterf ter wille daarvan. Sou hulle dit gedoen het met twyfel in hul harte? Nee, luister wat sê hulle vir die Joodse Raad *"Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie."* (4:20) Dit was by hulle 'n innerlike dwang en drang, 'n oortuiging wat so sterk was dat hulle bereid was om daarvoor te sterf. Hulle wou ook **goeie rentmeesters** wees van dit wat hulle op *geestelike* gebied ontvang het. Dit wou hulle ook met ander deel.

SLOT

Waar mense hulle **laat lei en bevry** deur die Heilige Gees, daar groei die eenheid tussen hulle, daar word hulle al meer mededeelsaam en daar het hulle al meer vrymoedigheid om te getuig.

Ek **dank die Heilige Gees** vir dit wat Hy al reeds in hierdie gemeente gedoen het. **Ek bid** dat Hy ons daagliks sal **vervul** sodat die onderlinge *eenheid* sal groei, ons *omgee* sal toeneem en dat ons *al meer vrymoedig* sal word om in die openbaar te bid en te getuig.

Amen

19/4/2009